HJS - PBHS

COVID-19 procedures and communication

(THIS DOCUMENT WAS UPDATED ON 28 JUNE 2021)

Urgent:

1. **Schools will close at 11:30 today, Monday 28 June, due to the first teaching staff receiving their vaccination after school. Schools will close again at 12:00 tomorrow and Wednesday.**
2. **Schools close for the holidays on Wednesday 30 June for learners and Friday 2 July for the staff.**
3. **Exams will continue as per Exam schedule for today (28 June), tomorrow (29 June) and Wednesday (30 June). In addition, the Drama exams for grade 11's will take place this Wednesday 30 June at 2pm.**
4. **The exam dates for exams missed will follow soon.**

General:

1. Please send any Covid-19 queries or uncertainties to covidcomms@paarlboyshigh.org.za. We will add general queries and answers to this document while specific questions will be answered individually.
2. D6 Communicator is still the official communication platform.
3. We would like to emphasise once again the seriousness of the matter that your son(s) should wear their masks at school, at any school activity, also after hours. The same goes for sanitising as and where possible.

Frequently asked questions by parents:

1. **Question:** May a learner return to school after his 10 days of isolation and with no more symptoms present yet with members of the household still ill?
   Answer: Your son can return to school as mentioned above as long as he wears his mask, sanitises and keeps the necessary distance.
2. **Question:** How do I know when my son will write any exam papers he might have missed due to Covid-19 or other relevant reasons?
   Answer: We will continuesly update "missed exam" dates on D6 Communicator. We expect the next update by Monday, 28th of June.
3. **Question:** Do my son need to write any of the "missed exams" if he already wrote the initial June exam paper?
   Answer: Your son do not need to write a "missed exam" paper if he did write the initial June 2021 exam paper on that subject.

Definitions:

High-risk contact/direct contact = without a mask for 15 minutes or longer and closer than 1,5 m to a COVID-19 positive person, or physical contact (e.g. handshake, hugs) with a COVID-19 positive person.

Low-risk contact/indirect contact = a mask was worn over the mouth and nose and a social distance of 1,5 m was maintained.

Procedures:

- Learners who have been in direct contact with a COVID-19 positive person must go into self-isolation for 10 days after the last direct contact with the person, and preferably have him-/herself tested immediately.
- If you do not show any symptoms, you will be tested only by private institutions, many of which are now operational.
- If you have been in direct contact with a person who is showing COVID-19 symptoms but are still waiting for the result of the test, you should also go into self-isolation until the person's result is known. If the result is negative, you can return to school.
- If you show symptoms, you/your parents/guardians should have yourself tested.
- We request parents to consult their GP if their child feels ill so that a diagnosis and treatment can be determined by an expert. If COVID-19 tests need to be done, your doctor will refer you to laboratories.
- These test results must be made known to the school as soon as they are available. (Please let Ms M Nel know at mnel@paarlboyshigh.org.za).
- A sick learner must stay at home in isolation. You may only return to school after 10 days have elapsed from your first sensation of symptoms and when you no longer have any symptoms. We also suggest that you contact your doctor if you are unsure.
- If learners who had direct contact did not show any symptoms within 10 days, they can return to school. However, try to have yourself tested as soon as possible so that you can return to school soon. The learners who have had low-risk contact can continue with class attendance. (Low-risk contact is, for example, sitting next to/near a positive COVID-19 learner, but with your mask and the necessary social distance and without there being direct contact between you.)
- When it is confirmed that a learner/teacher has tested positive for the virus, the school will immediately report it to the department, as well as provide the necessary information, e.g. when was the last learner/teacher at the school and with whom they were in direct contact at the school.
- Learners who are affected isolate at home. This also applies to the hostel boys. If this proves impossible (e.g. day student: conditions at home not practical to isolate; boarders living too far or whose conditions at home are also impractical): local outside organisations or isolation spaces in the residences, as identified by the hostel fathers, will be used.
- The principal and district officials will assess the case and these officials will confirm the steps to be taken.
- The Department of Health will be responsible for identifying people with whom the learner has been in contact and will advise the Department of Education on any further steps that need to be taken or precautions to be taken.

COVID-19-prosedures en -kommunikasie

(HIERDIE DOKUMENT IS OP 28 JUNIE 2021 BYGEWERK)

Dringend:

1. **Die skole sluit vandag, Maandag 28 Junie, om 11:30 a.g.v. die eerste groep onderwyspersoneel wat hul Covid-19-inentings ontvang. Skole sluit more en Woensdag weer soos tydens die eksamen, nl. 12:00.**
2. **Skole sluit vir die vakansie komende Woensdag 30 Junie vir leerders en Vrydag 2 Julie vir die personeel.**
3. **Die eksamen sal die week normaal soos per eksamenrooster voortgaan tot Woensdag 30 Junie. Addisioneel vir Woensdag 30 Junie is die Drama-eksamen vir graad 11's wat om 2nm sal plaasvind.**
4. **Die eksamenrooster vir eksamens wat gemis is, word spoedig uitgestuur.**

Algemeen:

1. Stuur asb enige Covid-19-navrae of onsekerhede na covidcomms@paarlboyshigh.org.za. Ons sal algemene vrae en antwoorde op hierdie dokument byvoeg en spesifieke vrae individueel antwoord.
2. D6 Communicator is en bly HJS se amptelike kommunikasie platform vir ouers.
3. Ons wil weereens die erns van die saak beklemtoon dat u seun(s) hul maskers by die skool, by enige skoolaktiwiteite asook na-uurs moet dra. Dieselfde geld vir saniteer soos en waar moontlik.

Vrae wat dikwels gevra word deur ouers:

1. **Vraag:** Mag 'n leerder terugkeer skool toe indien sy 10-dae-isolasie verby is en hy geen meer simptome toon nie, maar daar ander persone in die huis is wat nog siek is?
   Antwoord: U seun kan terugkeer skool toe soos bo genoem solank hy net sy masker dra, saniteer en afstand handhaaf.
2. **Vraag:** Hoe weet ek wanneer my seun sy "Inhaal-eksamenvraestel" moet skryf as hy een of meer gemis het?
   Antwoord: Ons sal u deurlopend ophoogte hou op HJS se amptelike ouerkommunikasie platform, nl. D6 Communicator van die "Inhaal-eksamendatums". Ons verwag 'n opdateerde datum lys teen komende Maandag 28 Junie.
3. **Vraag:** Moet my seun enige van die "Inhaal-eksamenvraestelle" skryf as hy wel die aanvanklike Junie 2021 vraestel op die betrokke vak geskryf het?
   Antwoord: U seun hoef nie enige "Inhaal-eksamenvraestelle" te skryf van vakke waar hy reeds aanvanklike vraestel geskryf het nie.

Definisies:

Hoërisikokontak/direkte kontak = sonder ’n masker vir 15 minute of langer en nader as 1,5 m van ’n COVID-19- positiewe persoon of fisieke aanraking (bv. ’n handdruk, drukkies) met ’n COVID-19- positiewe persoon.

Laerisikokontak/indirekte kontak = ’n Masker is oor die mond en neus gedra en ’n sosiale afstand van 1,5 m is gehandhaaf.

Prosedures:

- Leerders wat in direkte kontak met ’n COVID-19 positiewe persoon was, moet vir 10 dae in selfisolasie gaan ná die laaste direkte kontak met die persoon, en hom-/haarself verkieslik onmiddellik laat toets.
- Indien jy geen simptome toon nie, sal jy slegs deur privaatinstansies getoets word, waarvan daar nou heelwat operasioneel is.
- Indien jy in direkte kontak was met ’n persoon wat COVID-19-simptome toon, maar nog wag vir die uitslag van die toets, moet jy ook in selfisolasie gaan totdat die persoon se uitslag bekend is. Indien die uitslag wel negatief is, kan jy terugkeer skool toe.
- Indien jy simptome toon, moet jy/jou ouers/voogde jou laat toets.
- Ons versoek ouers om wel hul huisarts te raadpleeg indien hul kind siek voel sodat ’n diagnose en behandeling deur ’n kundige bepaal kan word. Indien toetse vir COVID-19 wel gedoen moet word, sal u dokter die verwysing na laboratoriums doen.
- Hierdie toetsuitslae moet, sodra dit beskikbaar is, aan die skool bekend gemaak word. (Laat weet asb. vir me M Nel by mnel@paarlboyshigh.org.za).
- ’n Siek leerder moet tuis in isolasie bly. Jy mag eers terugkeer skool toe nadat daar 10 dae verloop het vanaf jou eerste gewaarwording van simptome en as jy geen simptome meer het nie. Dit word ook aanbeveel dat u u huisarts raadpleeg indien u onseker is.
- Indien leerders wat direkte kontak gehad het, geen simptome binne 10 dae getoon het nie, kan hulle terugkeer skool toe. Probeer egter jouself so gou as moontlik toets sodat jy spoedig kan terugkeer skool toe. Die leerders wat laerisikokontak gehad het, kan voortgaan met klasbywoning. (Laerisikokontak is bv. om langs/naby ’n positiewe COVID-19-leerder te sit, maar met jou masker en die nodige sosiale afstand en sonder dat daar direkte aanraking tussen julle was.)
- Wanneer dit bevestig word dat ’n leerder/leerkrag positief vir die virus getoets is, sal die skool dit onmiddellik by die departement aanmeld, asook die nodige inligting verskaf, bv. wanneer laas die leerder/leerkrag by die skool was en met wie hulle in direkte kontak by die skool was.
- Leerders wat geaffekteer is, isoleer tuis. Dit geld ook vir die koshuisseuns. Indien dit onmoontlik blyk te wees (bv. dagstudent: toestande tuis nie prakties om te isoleer; koshuisleerders: woon te ver of toestande tuis ook onprakties) sal van plaaslike buite-organisasies gebruik gemaak word of van isolasieruimtes soos deur die koshuisvaders in die koshuise geïdentifiseer.
- Die skoolhoof en distriksbeamptes sal die geval assesseer en dié amptenare sal die stappe wat gedoen moet word, bevestig.
- Die Departement van Gesondheid sal verantwoordelik wees vir die identifisering van mense met wie die leerder in aanraking was en sal die Onderwysdepartement adviseer oor enige verdere stappe wat gedoen of voorsorgmaatreëls wat getref moet word.